

Januarie 2009

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek kan nie glo dat ek nou al 6 jaar elke maand 'n Pretoria brief gestuur het nie. Ek is nog besig om in rat te kom na die vakansie so hierdie is nie 'n baie lang brief nie.

Hier is die program van die eerste 16 Desember Volksfees wat gehou is ná die Engelse oorgawe [De Volksstem, 26 November 1881]. Die feesterrein was op Paardekraal. Die organiseerders was J.Z. de Villiers, T.N. de Villiers, C.J. Juta, G.H. Busskes, J.F. Celliers en J.A. de Vogel. Heeltemal anders as wat ons dit vandag doen.

Paardekraal Program, 13 tot 16 Desember 1881

Dinsdag 13 Desember

- | | |
|-------------|---|
| 6 uur | 21 Vreugdeskote deur Artillerie. |
| 10 – 12 uur | Algemene Volksbyeenkoms. Verskillende sprekers. Afgewissel deur geestelike liedere. |
| 3 – 5 uur | Algemene Godsdiensoefening vir jongmense. |
| 7 – 8 uur | Algemene Godsdiensoefening vir "ouden van dagen". |

Woensdag 14 Desember

- | | |
|-------|--|
| 7 uur | Samekoms van burgers vir gemeenskaplike môregebed. |
| 9 uur | Skietwedstryd met kleingeweer. |
| 5 uur | Uitdeel van pryse deur Kmdt.-Genl. P.J. Joubert. |
| 6 uur | Byeenkoms vir jongmense. Verskillende toesprake sal gehou word om die geskiedenis en die laaste gebeurtenisse van hul Vaderland op "kinderlijke wijze te bespreken en toe te lighten", gevvolg deur kindervermaaklikhede en vuurwerke. |

Donderdag 15 Desember

- | | |
|------------|--|
| 7 uur | Môregebed en Godsdiensoefening. |
| 9 - 12 uur | Vermaaklikhede te perd. Verskillende pryse sal aan die beste ruiters oorhandig word deur Vise-President S.J.P. Kruger. |
| 2 – 5 uur | Volkspelen – "Hardlopen, Zaklopen, Mastklimmen, enz." Pryse sal oorhandig word deur Z.H.Ed den heer M.W. Pretorius. |
| 7 uur | Algemene Godsdiensoefening. |

Vrydag 16 Desember

- | | |
|--------|---|
| 7 uur | 21 Saluutskote ter herinnering aan Dingaansdag. |
| 8 uur | Wapenskou. |
| 10 uur | Algemene Godsdiensoefening. |
| 1 uur | Volksbyeenkoms met verskillende sprekers. |
| 4 uur | Godsdiensoefening en Danksegging. |

Elke oggend sal 'n openbare mark gehou word ten einde die publiek van lewensmiddele te voorsien.


Daar bestaan vandag nog 'n hele aantal foto's van die geleentheid. B. Mahler [geneesheer en heelkundige van Potchefstroom] adverteer dat foto's van die Paardekraalfees by hom of by die Duitse Klub in Pretoria te koop is [V 21 Desember 1881].

Gros, die bekende fotograaf van Pretoria, adverteer dat sy foto's gebuik word vir "tovelanterns" [V 28 Desember 1881]. Dit was die voorloper van ons moderne skyfieprojektor. Ek wonder of enige van die foto's behoue gebly het. Gros plaas ook 'n advertensie om te sê dat sy ateljee gesluit sal wees terwyl hy diens doen as juriedid. In dieselfde koerant verskyn ook 'n lys van uitslae van die skietwedstryd en ander kompetisies.

Klink die volgende nie bekend nie? Dit kom uit De Volksstem van 26 November 1881 maar kan net sowel verlede jaar in 'n koerant verskyn het.

Transvaal Refugees do not seem to be highly appreciated in Newcastle. This is what a local correspondent has to say about them: "The refugees, when are we going to get rid of the gentlemen? They certainly do not tend to improve the tone of the town, nor do their houses and places of business improve the looks of it, for they pitch their tents anywhere and their refuse everywhere. The town is just blighted with all kinds of edifices, constructed without any pretensions of architecture or order, chiefly of canvas – which seems to be the favourite and no doubt the cheapest material procurable for the purpose – while every street is choked with dirt, empty tins and broken bottles, making the place look like a deserted encampment."

Ek het 'n paar ou Pretoria poskaarte [uitgawe R.O. Fusslein] present gekry. Op baie van die poskaarte is iets eienaardigs. Die wolke op meeste van hulle is identies. Onder 'n vergrootglas kan mens sien dat twee verskillende prosesse gebruik is met die druk van die poskaarte. Die wolke is "gescreen" en die res van die poskaart nie. Ek is nog besig om meer oor die verskillende drukprosesse uit te vind. Hier is twee van die poskaarte:



Die kerk staan vandag nog in Schoemanstraat maar sonder sy toing. Met 'n vergrootglas kan mens sien dat daar nie 'n haan op die kerktoring is nie maar

wel 'n draak. Het iemand nie miskien 'n ou foto van die kerk waar die toring duidelik sigbaar is nie?

President Kruger en sy vrou



As mens mooi na die poskaart kyk sal jy sien dat daar 'n groen lap oor mev. Kruger se skoot gedrapeer is [dit mag 'n voorskoot wees]. Dit lyk asof daar onder die lap een of ander stut is. Is dit net rumatiek of het sy moontlik beroerte gehad?

Hier is nog 'n interessante kennisgewing wat in die koerant verskyn het. Dit kom van H.W. Zeiler en W.J. Stiemens.

For the general information of the inhabitants of Pretoria, we the undersigned beg to notify: That Pretoria is at present the residence of several free and jovial characters who do not scruple to take equestrian enjoyments upon animals not belonging to them. We desire further to bring to the notice of Mr. Edward Mears Jr. the fact that we keep our Horses for our own convenience and use, and therefore request him kindly not to mount them without permission [V 31 Desember 1881].

H.W. Zeiler was in 1881 'n klerk in die staatsdiens en word later Eerste Geregtelike Kommissaris en waarnemende Landdros. Zeilerstraat in Pretoria-Wes is na hom vernoem. W.J. Stiemens was 'n seun van die eertydse onderwyser Hendrik Stiemens.

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel